# Koning Stories

# Deel 2 – Verlore Potensiaal

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**As kind, wat wou jy word as jy groot is? Vertel jou groep daarvan.**

**Wat was een van jou grootste drome as kind/jong mens? Hoekom? Het dit in vervulling gekom?**

**Hoe identifiseer of meet jy potensiaal in ander mense? Watter waarde het dit as ons potensiaal in mense sien?**

**Hoekom twyfel ons baie keer in ons eie vermoë as iemand anders potensiaal in ons sien?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Psalm 139:13-17 en Efesiërs 2:10. Hierdie versies maak dit duidelik dat God vir ons 'n doel het? Hoe laat dit jou voel?**

**2 Korintiërs 4:1. Wat maak jou moedeloos in hierdie wêreld? Hoekom vergeet ons so maklik dat ons 'n doel het?**

**Wat dink jy is die doel vir jou lewe?**

**Wat dink jy is die gevaar as ons leef sonder om deel te wees van God se groter storie of voel ons het nie 'n doel nie?**

**Matteus 28:19-20 en Johannes 20:21. Hoekom is dit belangrik vir ons om te onthou wat ons missie op die aarde is?**

**Hoe leef jy prakties hierdie missie uit op die oomblik?**

**Watter persone ken jy wat nog nie vir Jesus ken of volg nie? Skryf 'n paar name neer en bid saam vir hulle redding as groep.**

**Lees Romeine 2:4. Wat kan jy hierdie week vir mense doen om die liefde van Christus vir hulle te wys as deel van ons missie?**

---

---

---

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---

---

---